**<u>Oggenddiens</u>**: 15 Maart 2026
**<u>Leraar</u>**: Wouter van der Merwe
**<u>Tema</u>**: Moenie bekommerd wees nie!
**Matteus 6:25–34**

**1 Petrus 5:6-7**
Psalm 55; Filippense 4;

Bekommernis is Menslik — maar dit is nie ons roeping nie.

Angs is deel van die menslike ervaring. Ons leef in 'n gebroke wêreld. Selfs Jesus het diep benoudheid ervaar in die tuin van Getsemane (Matteus 26:37–38; Lukas 22:44).

Hy het bloed gesweet — dit wys vir ons dat angs self nie sonde is nie.

En tog, beveel die Skrif God ons om nie te bekommer nie.

(Matteus 6:25)
(Psalm 55:23)
(Filippense 4:6)

Wanneer mense na my lewe kyk, sien hulle Jesus — of sien hulle vrees?
(2 Timoteus 1:7)

Geloof, vrymoedigheid en vertroue in God weerspieël die karakter van Christus. Maar voortdurende vrees en angs — veral wanneer dit ons lewe definieer — kan aan ander, gered of ongered, kommunikeer dat ons nie werklik die God vertrou wat ons bely nie.

Jesus word genoem:
"Die Vredevors" (Jesaja 9:6)
En ons is Sy ambassadeurs (2 Korintiërs 5:20).
Dit beteken ons is geroep om Sy vrede uit te leef in 'n wêreld vol vrees.
**(Filippense 4:7-8)**

1. Vrede kom deur 'n verhouding met God — Bid!
(Matteus 6:32)

Gebed kry ons perspektief reg. Wanneer ons bid, onthou ons:

- God is soewerein (Psalm 115:3)
- God is goed (Psalm 34:9)
- God is naby (Psalm 34:19)

**(Filippense 4:6)**
(1 Petrus 5:7)
(Spreuke 3:5–6).

2. Vrede word versterk deur verhoudings met medegelowiges
God het ons nooit bedoel om angs alleen te dra nie.
(Prediker 4:9–10)
(Matteus 26:37)

As die Seun van God gemeenskap gesoek het in nood, hoeveel te meer het ons dit nodig?
(Galasiërs 6:2)

So vra ek jou:
- Ken jy mense in jou kerk?
- Ken mense jou?
- Het jy betroubare gelowiges wat saam met jou bid, jou bemoedig en die waarheid in liefde spreek?

(Hebreërs 10:24–25)

3. Vrede groei wanneer ons die verlorenes bereik.
(Lukas 19:10)

Wanneer ons betrokke raak by mense wat God nog nie vertrou nie, word ons herinner:

- Hoe verlore ons eens was (Efesiërs 2:1–5)
- Hoe groot God se genade werklik is
- Hoe klein baie van ons probleme is in die lig van die ewigheid (2 Korintiërs 4:17–18)

(Spreuke 11:25)
(1 Petrus 5:6–7)

En hoe doen ons dit?

Deur verhoudings:

1. Met God – deur gebed en vertroue
2. Met gelowiges – deur opregte gemeenskap
3. Met verlore mense – deur deernis en sending

(Matteus 6:33)

Gemeente – moenie bekommer nie.

Jou Vader weet.

Jou Verlosser wandel saam met jou.

En Sy vrede is vandag nog beskikbaar.